

DIE BOODSKAP VAN DIE DOOP

Liewe Hooglander

Baie geluk met die geboorte van julle kind. Ons deel saam met julle in die vreugde van 'n kind wat die Here aan julle toevertrou het.

Ons gee graag hierdie dokument vir julle om te oordink as voorbereiding vir die **doopgesprek**. Dit is 'n geleentheid om na te dink oor die doel van die sakramente (doop en nagmaal) en die betekenis van die doop vir ons as gelowiges.

Sakramente: God se tekentaal

Sakramente is **God se tekentaal**, beeldryke preke, selfs preke sonder woorde. Die hedendaagse mens is "*opties verwen*" - ons is gewoon daaraan om in beelde te dink en konsepte deur beelde in te neem. Die gebruik van multimedia (soos TV) het ons hierin gevorm. Die oordra van 'n boodskap deur beelde is 'n baie ou gebruik, byvoorbeeld: die skryfkuns van die antieke Egiptenare het uit tekeninge of afbeeldings bestaan (sogenaamde hiërogliewe).

Die Here weet dat ons gelowiges maklik **geloofstwyfel** kan beleef. Ons is immers maar net mense. Daarom het Hy twee sigbare en tastbare sakramente (doop en nagmaal) gegee wat die evangelie van Jesus Christus aan ons verkondig en bevestig. Ons Gereformeerde Kerke het slegs twee tekens wat "*sakramente*" genoem word. Die Rooms-Katolieke Kerk het sewe sakramente.

Sakramente is tekens en seëls:

- † 'n **Teken** verwys na 'n bepaalde saak. Die teken van water by die doop verwys na die verbond wat God met ons sluit, en ook die verlossingswerk (reinigingswerk, vernuwingswerk) wat Jesus Christus in en vir ons gedoen het. Die tekens van brood en wyn by die nagmaal verwys na wat Jesus Christus deur sy kruisiging en opstanding in ons en vir ons gedoen het.
- † 'n **Seël** is soos 'n stempel, of 'n brief, of 'n sertifikaat, wat die egtheid en die betroubaarheid van 'n dokument waarborg. Dink aan die praktyk in die antieke tyd waar 'n seëlring gebruik is as waarmerk. Die doop en die Nagmaal wil vandag nog die waarheid en betroubaarheid van God se verbond en die verlossing van Jesus Christus bevestig.

Sakramente is God se manier om ons, sy verbondsgenote en kinders, se geloof te verkwik en te versterk – op 'n manier wat direk aansluit by ons menswees.

Lees wat sê **So glo ons** ('n eietydse geloofsverantwoording wat die hoofelemente uit die Bybel en die Belydenisskrifte saamvat) oor die doop:

<p>† Die doop is 'n teken van God se genadeverbond waardeur Hy sy beloftes aan gelowiges en hulle kinders bevestig. Dit is nie 'n teken van die méns se gehoorsaamheid of geloofsbeslissing nie, maar van die genade van God aan 'n mens. In die Ou-Testamentiese bedeling was die besnydenis die teken van die genadeverbond. In die Nuwe-Testamentiese bedeling is die doop die teken van presies dieselfde genadeverbond.</p>	<p>Doop 30 NGB 34 HK So 26-27 Genade van God 35</p>
--	---

Dit geld vir mense wat op 'n volwasse leeftyd tot bekering kom en dan gedoop word sowel as kinders van gelowiges was so gou as moontlik na hulle geboorte gedoop word.	40
Hulle word deur die doop in die kerk van die Here opgeneem.	45
Die doop verkondig die afwassing van ons sondes deur die bloed van Christus en roep ons telkens op om die waarheid in die geloof te aanvaar.	50
Die doop word net eenmaal aan iemand bedien.	
Dit geskied in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, en word met water deur 'n bevoegde ampsdraer van die Christelike kerk bedien.	55
✠ In die bediening van die enigste twee sakramente, naamlik die doop en die nagmaal, sien en ervaar ons dit as tekens wat die evangelie van Jesus Christus op sigbare en tasbare wyse aan ons wil verkondig. Dit is ook seëls wat die waarheid en betroubaarheid van die verlossing in Christus aan ons wil bevestig.	<i>NGB 33</i> 20 <i>HK So 25</i> Tekens Seëls 25

Die doop: 'n besondere ooreenkoms – 'n genadeverbond

Die almagtige God het besluit om 'n **ooreenkoms** met sy kinders te sluit. Hierdie ooreenkoms word 'n "verbond" genoem. 'n Verbond is 'n kontrak tussen twee partye wat sekere voorregte en verpligtinge inhou. In die Ou Testament kry ons verskeie verbonde wat God met mense gesluit het, byvoorbeeld met Adam, Noag en Abraham. Abraham word as die vader van die gelowiges beskou, want God het met hom 'n verbond gesluit wat al die gelowiges insluit. (Sien Romeine 4).

Hierdie ooreenkoms (verbond) is **besonders** omdat die soewereine en almagtige God 'n kontrak sluit met sondige, nietige en onbetroubare mense. Dit is dus 'n ooreenkoms tussen twee ongelyke partye. Daarom word gepraat van die "genadeverbond" - God doen dit alles uit genade. Volgens Gen. 15:17 het God *alleen* tussen die stukke van die offerdier deurgegaan. Gewoonlik het albei partye deurgestap (Jer. 34:18). Hierdie gebeurtenis wys op God wat die inisiatief neem en tot voordeel van die mens optree, en dat Hy as't ware alles op Homself neem om hierdie verbond te handhaaf. Hy doen dit alles uit genade, omdat Hy 'n goeie gesindheid teenoor ons mense het.

Lees Genesis 17: 1-12. Let op:

- ✠ Die belofte van God (vers 7 & 8)
- ✠ Die eise wat God stel (vers 1 & 9)
- ✠ Die seën van die verbond
- ✠ Die teken van die verbond (vers 11; vgl. Rom. 4:11)
- ✠ Die nageslag is ingesluit.

Die verbond wat God met Abraham gemaak het, is vandag nog geldig (Gal. 3:29) – vir almal van ons wat **in Christus** is.

Ons het rede om **dankbaar** te wees vir die **genadeverbond** wat God met ons sluit:

- ✠ Ons is dankbaar oor die aard van die verbond – dit is 'n **genadeverbond**.
- ✠ Ons is dankbaar omdat ons die genadeverbond beter verstaan deurdat **Jesus Christus** hierdie verbond kom herbevestig het (Luk. 1:70-75). Na Jesus se koms is die teken van die verbond wel verander, maar die inhoud bly dieselfde. Die bloedige teken van die besnydenis is vervang met die bloedlose teken van die doop (Rom. 4:11-12). Lees gerus Kolossense 2:11-15. Die punt is: ons leef selfs as gevolg van Jesus se optrede in 'n **nuwe verbond** met God (lees die Hebreërbrief).
- ✠ Ons is dankbaar omdat ons deel is van **God se weg** met mense. Ons lees daarvan in Jesus se opdrag aan sy apostels (Matt. 28:19) om die evangelie te verkondig en mense wat tot geloof kom, te doop en te leer. Ons is almal die resultaat van daardie proses.

Betekenis van die Doop

Die doop was al vir baie mense 'n struikelblok en twispunt. Dit is vir sommige kerke en geloofsgroepe so 'n belangrike saak dat hulle met vers en kapittel hulle eie siening daarvan verdedig. Onthou die volgende paar sake oor die doop:

- † Die doopplegtigheid is nie 'n **naam-gee-seremonie** nie. Julle het vir julle kind 'n naam gegee met registrasie – nadat julle natuurlik lank hieroor gedink en gebid het.
- † Die doop bevestig en waarborg in die eerste plek **God se genade** aan ons mense. Dit is nie in die eerste plek 'n teken van ons mense se gehoorsaamheid of geloofsbeslissing of verdienste nie. Die doopwater wys immers heen na die bloed van Christus wat ons van ons sondes reinig (Hand. 20:28, 1 Joh. 1:7b; vgl. Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 34). Dit is God wat in die doop aan die werk is.
- † **Kinders** was altyd deel van God se verbond met mense. Die verbond het so begin – kyk maar na God se verbond met Abraham: kinders en die hele nageslag word ingesluit. Die beloftes van God is oor geslagte en grense heen geldig (Hand. 2:39). Abraham en ander mans is as volwassenes besny, maar Isak en kinders na hom het op die agste dag die teken ontvang.
- † Die doop bevestig en waarborg **God se verlossingswerk** in ons deur Jesus Christus. Dit is 'n teken van ons nuwe lewe: van wedergeboorte, bekering, die afsterwe van die ou mens, die opstanding van die nuwe mens, van 'n lewe van gehoorsaamheid. Maar: die doopdatum is nie die datum van **wedergeboorte** nie – anders sou alle gedooptes gered wees en elke besnyde Israëliet in God geglo het. Die doop self red nie en het nie 'n besondere magiese towerkrag nie. Die doop het wel 'n boodskap: dit verkondig die afwassing van sondes deur die bloed van Christus. Volgens die Heidelbergse Kategismus wil God ons "*leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is, as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word*" (Vraag en Antwoord 73). **So Glo Ons** sê dit "*roep ons telkens op om dié waarheid in die geloof te aanvaar.*"
- † **Ons aanvaar 'n verbondsdoop en 'n geloofsdoo.** Ons doop kinders en volwassenes. Wanneer ongedoopte volwassenes tot geloof kom, doop ons hulle. Hulle kinders word egter klein gedoop en nie eers as hulle grootgeword het nie. In die Nuwe-Testamentiese tyd is daar heelwat gevalle van huisgesinne wat gedoop is (Hand. 10:2; 16:14; 15; 18:8; 2Tim. 1:16; 1Kor. 1:16). Skrifgedeeltes soos Markus. 16:6 – "*Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word*" – lê 'n sterk verband tussen **geloof en doop**. Sommige beweer dat die kinderdoop op grond van hierdie teks nie aanvaarbaar is nie. Ons moet egter onthou dat die opdrag in Markus te doen met die feit dat mense tot geloof gekom het as 'n resultaat van die verkondiging van die evangelie. Hulle word as volwassenes volgelingen van Jesus, en word daarom gedoop as volwassenes. Ons volg ook hierdie gebruik in ons gemeente, maar dit kanselleer nie die doop van kinders nie. Ons aanvaar beide die **verbondsdoop** en die **geloofsdoo** as Bybelse dooppraktyke. Wanneer kinders gedoop word, begelei ons hulle, saam met julle as ouers, deur 'n proses van kategeese om belydenis van geloof af te lê. Hulle word nie weer gedoop nie, omdat hulle reeds gedoop is. Volwassenes word natuurlik as volwassenes gedoop omdat hulle dan eers tot geloof gekom het. Ook hulle word begelei om die Bybelse geloofswaarhede te verstaan en te aanvaar.
- † Die hoeveelheid **water** waarmee gedoop word is nie van deurslaggewende belang nie. Dit gaan immers om die saak waarheen die water as teken verwys, en nie die hoeveelheid water nie. Die doophandeling as onderdompeling of besprinkeling maak daarom ook nie werklik saak nie. Die Bybel gee geen spesifieke voorskrif hieroor nie. Die hoofsaak is: die doop bevestig dat die bloed van Jesus Christus ons van sonde reinig.
- † Die doop is nie 'n **prestasie van die mens** nie. Dit is die teken van God se genade. Kinders is in die Ou Testamentiese tyd op die agste dag in die verbondsgemeenskap opgeneem (toe hulle besny is), al het hulle nie verstaan wat aangaan nie (vgl. Heidelbergse Kategismus, Vraag 74). Hulle is met God se teken gemerk omdat hulle

aan Hom behoort - soos lammers gemerk word aan die oor om aan te dui dat hulle aan die boer behoort en hy verantwoordelikheid vir hulle aanvaar. So merk die doop ook kinders omdat hulle aan God behoort. Die doop is die teken van God se eiendomsreg.

Natuurlik **groeï** die kind op in hierdie verbondsverhouding met God. En soos wat die kind groei, word geloof gevorm, en maak die kind later self, uit eie oortuiging, 'n verbintenis (of 'n herverbintenis) om as God se kind te leef. Ouers speel hierin 'n belangrike rol – om hulle kinders te begelei en te bemagtig om saam met God te leef (sien Deutr 6: 4-9).

- † 'n Mens hoef **net een maal gedoop** te word. Die water is slegs 'n simbool en dit hoef nie herhaal te word nie. Daarom word 'n mens nie weer gedoop nie. God is betroubaar en die eenmalige ooreenkoms tussen hom en die mens is voldoende. Ons kan tog nie twee maal gebore word nie (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 34). Tog is dit belangrik dat mense gereeld jou eie en jou kinders se **doop vier**. Ons as ouers kan gerus sekere geloofsgewoontes hieroor ontwikkel, soos om elke jaar jou kind se doop te vier, soos hulle verjaarsdae.

Die **doopformulier** bevat sekere kernbegrippe oor die doop, soos sonde, verlossing en dankbaarheid. Die betekenis van die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees word daarin so gestel:

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, beteken en verkondig:

- † dat ons en ons kinders, wat as sondaars in die wêreld gekom het, slegs in die koninkryk van God kan kom as ons **opnuut gebore** word;
- † dat die Here daardeur bevestig dat Hy ons in sy verbond insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons deel laat hê aan al die voorregte van die **verbond**;
- † dat ons en ons kinders verbind word aan **Christus** wat ons sondes deur sy bloed afgewas het;
- † dat ons ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding **lewend gemaak** word sodat "ons vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom. 6:11);
- † dat die doop 'n seël is van die **inlywing** in die kerk van Jesus Christus en ons verplig om as lewende lidmate te leef;
- † dat ons as gedooptes die Here uit **dankbaarheid** met ons hele wese moet liefhê, vertrou en dien,
- † dat die Here ons deur hierdie sakrament verseker dat Hy deur sy **Gees** in ons wil woon en ons lewens daagliks so regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

Die doop is ingebed in ons verhouding met God: dit is God se jawoord aan ons, en dit is 'n geleentheid vir ons mense se gelowige jawoord aan Hom. En so merk die doop ons **lewenstyl** – 'n lewenstyl waar ons as dankbare mense God verheerlik met 'n ja-lewe. So kom daar balans in ons lewe: ons leef uit die sekuriteit van God se genadeverbond en liefde, en ons aanvaar die verantwoordelikheid om as getroue bondgenote te leef.

Die Here seën julle in hierdie verbondsreis saam met Hom.